LAPA Uitgewers het in 2016 ’n RomanzaLiefde-tydskrifomnibus begin implementeer. Hierdie tydskrif is ’n samestelling van drie liefdesnovellettes deur geliefde en nuwe skrywers en een bonus kortverhaal. Dit is ’n bekostigbare produk wat in Checkers, Clicks, Pick ’n Pay en CNA te koop is en verskyn kwartaalliks.

Hierdie is ’n werkdokument, en stel riglyne beskikbaar vir skrywers wat belangstel om vir hierdie omnibus te skryf.

RomanzaLiefde is romanses wat lekker en vlugtig lees vir lesers wat nie tyd het om te ontspan met ’n roman of selfs ’n Romanza nie. Lesers kan dit in die motor, op die Gautrain of in ’n taxi/bus op pad werk toe lees.

Die formaat is 200 mm x 260 mm en die bladsyaantal is 96. Die woordtelling is:
• Novelette: 15 000-20 000 woorde
• Kortverhaal: 2 000-2 500 woorde.

Die vier romanses wat ons elke maand uitgee in die Romanza-reeks is elkeen 208 bladsye, 107 x 170 mm en die woordtelling is 44 000. SuperRomanza se formaat is 198 mm x 129 mm en die bladsyaantal is 304. Die woordtelling is 75 000 tot 85 000 woorde.

Beskou dus RomanzaLiefde as Romanza en SuperRomanza se ongekompliseerde jonger sussie wat haar eie weg probeer vind.

Die sentrale verhaalelemente vir RomanzaLiefde is die volgende:

- ’n Sterk sentrale romanse met sterk geloofwaardige karakters.
- ’n Emosionele belewenis wat die leser dadelik in die verhaal intrek. Die verhaal is karaktergedrewe.
- Die leser moet kan identifiseer met die karakters en hul situasies. Geloofwaardigheid is ononderhandelbaar. Die leser moet haar kan vereenselwig met die karakters se reaksies.

- Die algemene gevoel kan wissel van lighartigheid tot baie diep emosioneel. Die kompleksiteit van die storielyn is die belangrikste; asook die diepte van karakters en die unieke, kontemporêre hantering van die verhaalgegewe.
- ’n Sterk verhouding tussen die held en heldin. Daar moet geen twyfel by die leser wees dat die held en heldin mekaar verdien nie.
- Geloofwaardige interaksie. Daar is nie ruimte vir terloopse ontmoetings en toevallige bymekaarkom-kuiers tussen die held en heldin nie. Interaksie moet oortuigend en gemotiveerd wees – sonder om geforseerd voor te kom. Elke interaksie moet die verhouding voort du.
- Sterk konflik en emosionele belewenis is ’n moet om die lesers te boei. Konflik is baie belangrik, onthou dit moet hulle vir 14 000 van die 20 000 woorde uitmekaar se arms hou.
- Meer showing as telling.
- Emosioneel volwasse karakters.
- Goeie, sterk en moderne dialoog.
- Aktiewe woordgebruik in die teenwoordige tyd.
- Afgeronde einde: Die skrywer moet die drade van die verhaal (liefdesbetuigings, oplossing van konflik en om mekaar van hul ware liefde vir mekaar te oortuig) vroeg genoeg begin saamtrek. Die einde moet goed beplan en geloofwaardig wees vir die leser om die ekstase enduit te beleef. Indien die verhaal se einde te vinnig en onvoltooid is, is die hele verhaal ’n anti-klimaks, want die leser voel beroof.
- Die donker kant van die lewe is taboe, omdat die essensie van dié genre idealisme en fantasie is.
- Kortverhale hoef nie noodwendig ’n liefdestema te hê nie, maar moet die nodige diepte hê om die leser emosioneel aan te raak.
- Kortverhale moet ’n sterk begin, ekonomiese taalgebruik en ’n verrassende slot hê.

Nie kriteria nie, maar ekstras wat leesgenot sal bevoordeel

- ❖ Lekker sin vir humor
- ❖ Herkenbare omgewing. Skrywers vergeet soms dat hoewel die liefdesverhouding sentraal staan, die karakters nie teen ’n wit agtergrond leef nie. Kleur die storie in, sonder om die verhaal in ’n reisbrosjure te verander.
- ❖ Wees verteenwoordigend van die tydsgees. Heldinne in die 1990’s kon in hul vroeë twintigs al besighede besit het, omdat hulle direk ná die skoolbanke die arbeidsmark betree het. Dit

is in baie gevalle nie meer so nie, baie 22/23 jarige vroue verlaat op hierdie ouderdom universiteit/kollege en begin aan die onderste trap van die loopbaanleer.

- Daar is nuwe loopbanne soos blogging en besighede wat op sosiale media soos Facebook, Instagram en YouTube bedryf word. Skrywers moet ook die invloed van sosiale media op die samelewing in ag neem. Jy kan byna enige persoon op Facebook vind, as ’n karakter dus nie in jou verhaal opgespoor kan word nie, moet dit goed gemotiveer word.

LAPA Uitgewers se RomanzaLiefde:

- In November **2016** verskyn die eerste RomanzaLiefde-uitgawe en bevat verhale deur Bernette Bergenthuin, Madelie Human, Dina Botha en Joanna Alexander wat die Kuier/LAPA/PEN Afrikaans-kortverhaalkompetisie gewen het.

***Kersie bo-op* − Bernette Bergenthuin**

Marcelle se lieflingtante skryf haar in om deel te neem aan die werklikheidsprogram *Baas-van-die-plaas*. Eers is sy woedend, maar nadat sy Basjan Rademan ontmoet het, moet sy erken dat haar tante dalk van beter weet.

***Toe-oë afspraak* − Madelie Human**

Die skrywer JJ Jooste se suster stel vir hom 'n assistent sonder sy medewete aan. Eers wil hy niks van dié afspraak weet nie, maar Martinet mag dalk net die vrou van sy drome wees.

***Liefde met die eerste oogopslag* − Dina Botha**

Anele aanvaar Devan Steward se onweerstaanbare aanbod om sy private boekversameling uit te sorteer. Onder sy dak leer ken sy die man agter die ongeduldige kliënt en sy verloor haar hart op die ware Devan.

***Sluimerende liefde* – Joanna Alexander**

Kan Nicky en Jacques aanbeweeg ná die tragedie in hul verlede of is die tyd vir hul liefde verstreke?